
# Rosie




# Rosie


1. Die ou hemp  ..........................3

2. Sarie se plan  ............................6

3. Wat maak Sarie?  .......................10



4. Bettie se pop ...............................15

5. Rosie  ........................................18

6. Rosie se rok  ............................20


Hierdie boek behoort aan ..........................................


aa

aai

oo

ooi

# Die ou hemp



Sarie vou die wasgoed.

Bettie help haar ma.

"Kyk hoe lyk hierdie ou hemp van jou pa,"

sê Sarie. "Kyk hierdie groot skeure!"

Bettie kyk.

Sy sien die groot skeure in die hemp se rug.

Sarie skud haar kop.

"Hierdie hemp se hele rug is stukkend.

Ek sal dit nie kan regmaak nie.

Dis te oud en stukkend om reg te maak.

Ek sal dit moet opsny vir lappe."

Sy gee die ou hemp vir Bettie om op die tafel neer te sit.


Bettie hou daarvan om haar ma te help.

Hulle vou die wasgoed klaar.

Toe sê Sarie,

"Bring vir my die skêr, Bettie."

Bettie bring die skêr.



Sarie kyk vir Bettie en sy glimlag.

Sy het 'n plan, 'n verassing vir Bettie.

"Kyk, Bettie," sê sy.


"Hierdie ou hemp se hele rug is stukkend,

maar sy moue is nog heel.

Ek gaan vir jou iets van die moue maak."

Sarie neem die skêr.

Sy sny die hemp se een mou af.



Bettie staan en kyk.

Sy wonder wat gaan haar ma maak.

# Sarie se plan




Sarie neem die ou hemp se mou

en laat dit op die tafel plat lê.

Sy kry 'n potlood.


Op die mou teken sy

'n snaakse vorm.




Bettie wonder wat dit is.

Sarie neem 'n paar koppiespelde.



Sy steek hulle deur die mou

op die patroon wat sy geteken het.



Bettie staan en kyk.


Wat maak haar ma?

Toe neem Sarie die skêr en knip die mou.

Sy knip op die potloodlyne.

Sy knip dwars deur die mou.

Bettie is verbaas.



"Kyk, Bettie," sê Sarie,

"Hier is nou twee gelyke stukke.

Ek gaan hulle aanmekaar vaswerk.

Kan jy raai wat ek maak?"

Bettie kyk.


Sy skud haar kop.

Sarie glimlag weer.

Toe neem sy die mou wat sy geknip het.

Sy teken weer met die potlood.

Sy steek weer koppiespelde in.



Bettie kan weer nie verstaan nie.

Haar ma knip weer op die potloodlyne.

Sy knip twee groot stukke

uit die ou hemp se mou.


“Kyk, Bettie,” sê Sarie.

Sy haal die koppiespelde uit.

“Ons het nou vier stukke.

Twee is groot,

en twee is kleiner.”



Bettie voel skielik moeg.


Sy kan niks verstaan nie.

Sy is vaak.

Sy gaan lê op die sofa en raak aan die slaap.

# Wat maak Sarie? 10

Sarie neem 'n naald en garing.



Sy gaan iets vir Bettie maak.


Sarie hou van naaldwerk.

Sy neem die eerste snaakse vorm

wat sy uitgeknip het en ryg die

twee stukke lap aanmekaar vas.

Toe dop sy dit om en stop die




vorm met ou stukkies lap.


Sarie neem een van die kleiner stukke

wat sy gesny het.

Sy vou dit in die helfte



en steek koppiespelde aan die een kant in.



Toe ryg sy dit vas met garing.


Sy dop dit om, en begin om dit met ou stukkies lap te stop.

Bettie word wakker.

Sy kom staan langs haar ma.

Sy sien die ou hemp wat op die tafel lê.

Sy sien die skêr.




Sy sien die naald en garing.

Sy sien die stukkies lap wat Sarie uitgeknip het.

Sy sien dat Sarie besig is om iets met ou stukkies lap te stop.

Haar ma maak iets vir haar!

Maar wat is dit?



Dit lyk vir Bettie net soos 'n stukkie wors.


"Wat maak Ma?" vra sy, " 'n worsie?"

Sarie lag en skud haar kop.

"Dis 'n verassing vir jou," sê sy.


Sy neem weer 'n stuk lap

wat sy gesny het.



Terwyl Bettie staan en kyk, maak Sarie

weer 'n snaakse vorm.



Dit lyk weer vir Bettie soos 'n worsie.

Sy kyk en kyk,


maar kan niks verstaan nie.


Toe neem Sarie die eerste vorm

wat sy gemaak het,

en begin om een worsie

daaraan vas te werk.





“Kyk, Bettie,” sê sy.

“Wat maak ek?

Kan jy nou raai?”

Bettie kyk.

Sy skud haar kop.

Toe maak Sarie dieselfde met die

ander worsie.


Skielik kan Bettie sien!

Sy sien nie net snaakse vorms nie.

Sy sien 'n kop

en 'n lyfie

en twee arms.



"Dis 'n pop!" skree sy.

"'n Pop!   'n Pop vir my!"

Sy spring op en af.

"My pop!   My pop!"

"Ja, Bettie," lag Sarie.

"Ek maak vir jou 'n pop.

Maar sy is nog nie klaar nie.

Sy het nog nie bene nie.


Kom ons maak nou vir haar bene."

**Bettie se pop** 

Sarie neem die twee groot reghoeke

wat sy uit die ou hemp se mou geknip het.

Sy vou een van hulle in die helfte.



“Hierdie gaan ’n been wees,” sê sy.

Sarie werk die been toe,

net soos sy die pop se arms toegewerk het.

Bettie kyk hoe haar ma die naaldwerk doen.

Sy is bly dat sy nou verstaan.

Sy kan sien dis nie ’n worsie nie,


dis haar pop se been!

“Jy kan nou die been vir my toestop,”

sê Sarie.

Bettie is bly dat sy kan help.


Sy stop die been toe totdat dit vol en vet is.



Toe maak hulle die ander been.

Altwee bene is klaar.

Sarie werk die twee bene



aan die pop se lyf vas.


Bettie lag en klap hande.

“My pop!” sê sy. “My pop!”

Sy gee haar pop en haar ma albei 'n drukkie.

“Kom ons gee jou pop voete,” sê Sarie.


Sy maak die kas oop en



kry haar breiwol.

Sy sny 'n stukkie wol en maak strikke

om die pop se bene en ook om die pop se nek.



Bettie is opgewonde.

"Voete! Voete!" sê sy.

"Dis mooi!"

Sarie is bly.

"Ons moet nog vir jou pop 'n mond en oë en hare maak," sê sy.

"Dan sal sy nog mooier lyk.

Maar nie nou nie. Nou moet ek kos kook."

Bettie hou die pop vas. Dis haar eie pop.

Die pop het 'n kop, en arms,

en bene, en mooi voete.

Bettie is baie bly.


**Rosie** 

Bettie sit en speel met haar pop.

Haar ma het vir die pop mooi wol hare gegee, en 'n mond en oë.

Haar pop lyk pragtig.

Bettie draai die pop in 'n klein kombersie toe.



"Slaap, baba, slaap," sê sy.

"Wil jy nie 'n naam vir jou pop gee nie?" vra Sarie.

" 'n Naam?" sê Bettie.

"Ja," sê Sarie. "Wat is jou pop se naam?"

Bettie weet nie.


“Gee haar die naam van ’n blom,” sê Sarie.

“Blomme is mooi.”

Bettie ken nie die name van blomme nie.

Toe sê Sarie, “Hou jy van die naam Rosie?

’n Roos is ’n pragtige blom.”



“Rosie!” sê Bettie, “Rosie!”

Sy hou van daardie naam.

Sy maak die kombersie oop.

“Hello Rosie,” sê sy vir haar pop. Sy lag.

Sy draai die pop weer in die klein

kombersie toe.

“Rosie,” sê sy saggies.

“Slaap, Rosie, slaap.”

## **Rosie se rok**

"Kom, Bettie," sê Sarie, "Sit Rosie neer.
Laat ons vir haar 'n rok maak
terwyl sy slaap."

Bettie gaan lê haar pop op die bed neer.
Tommie slaap op die bed.
Bettie laat haar pop langs die kat lê.

"Bly stil," sê sy saggies vir Tommie.
"Rosie slaap."

Sarie het 'n stukkie mooi lap.
"Ons kan Rosie se rok hiervan maak," sê sy.
Sy vou die lap dubbel en laat dit
op die tafel plat lê.

Toe teken sy 'n vorm op die lap.

Dié keer kan Bettie maklik verstaan.


Sy kan sien dat dit soos 'n rok lyk.

"Rosie se rok!" sê sy opgewonde.

Sarie steek koppiespelde in.

Toe knip sy die lap op die potloodlyne uit.


Sy neem die twee stukke



wat sy gesny het,

en ryg hulle aanmekaar vas

met 'n naald en garing.



Toe ryg sy die soom van die rok.

Bettie staan en kyk.

Die rok is gou klaar.

"Gaan maak vir Rosie wakker," sê Sarie.

"Haar rok is reg.  Sy moet kom.

Ons moet haar aantrek."

Bettie is opgewonde.

Sy maak die kombersie oop

en maak haar pop wakker.

Sy tel haar op.

"Kom, Rosie," sê sy.   "Kom trek aan."

Sarie help Bettie om die rok

vir die pop aan te trek.

Rosie lyk pragtig in haar nuwe rok.

Bettie wys vir Tommie hoe mooi dit lyk.

“Kyk, Tommie,” sê sy, “Kyk, Rosie se rok.”



’n Kat stel mos nie belang in poppe

of rokke nie.   Hy wil nie kyk nie.


Hy gaan net aan met lek.

Bettie lag.

Sy draai weer haar pop in die kombersie toe.

Sy hou vir Rosie vas.

Sy voel baie gelukkig.



Rosie is pragtig.

Sy het 'n mooi gesiggie, en mooi hare,

en selfs mooi voete.

Sy het 'n mooi naam,

en 'n pragtige nuwe rok.

Bettie is baie lief vir haar.